

“Styl” het ’n groot kritikus gesê, “is niks anders as aanpassing nie.” Ons Direkteur van Onderwys, dr. Adamson, wat ons nou, helaas, gaan verlaat, het nadruk daarop gelê dat die doel van die onderwys in sekere opsigte aanpassing tot die lewe is. Ons moet algar leer om ons eie styl te besit, om ons so aan die lewe aan te pas dat ons vierkant-vas staan op ’n sterk fondament van karakter.. Elke volk, elke nasie, elke omgewing, het sy eienaardige karakteristieke eienskappe. Die ware kunstenaar is diegene wat van daardie eienskappe gebruik maak, wat dit aanpas aan sy kuns, en wat deur die kuns so te sê ’n weerklank gee aan die volksgevoel en die kenmerkende eienskappe van sy omgewing

volgens ’n voorgeskrewe, dogmatiese opdrag nie, maar volgens hulle smaak, hulle kuns-instink, en hulle omgewing. Die gevolg is dat hulle ’n besondere en kenmerkende Suidafrikaanse boustyl geskik vir die land, in die lewe geroep het.

’N PRAGTIGE VOORBEELD.

Ons jongere argitekte, wat hulle daarop toelê om die styl na te volg en, volgens die nuwere kunsreëls te verbeter, het alreeds baie gedoen om die styl vas te stel en te ontwikkel in die beste rigting. Hulle het besonders in die oog geneem die karakteristieke van ons Afrikaanse volk, en geprobeer om uiting te gee, in hulle werk, aan dié karakteristieke sover dit molik is om sulks te doen. Gasvryheid, ruimheid, vryheid en eenvoud, gepaar met deeglikheid—dit alles het hulle betrag—en soms met eklatante sukses—om in hulle boukuns uit te dru..



ONS AFRIKAANSE BOUSTYL.

Hier in Suidafrika begin ons allengs ’n eie styl te ontwikkel in sekere rigtinge. Op letterkundig gebied streef ons vooraanstaande skrywers om ’n ware, egte Afrikaanse styl te vorm. Ons plastiese en tekenende kunstenaars doen dit nie minder nie, soos iedereen kan sien wat die moeite neem om die artistieke werk van Afrikaners soos Naudé, Pierneef, en andere te bestudeer. In één opsig besit ons reeds ’n kenmerkende Suidafrikaanse “styl”, naamlik in ons boukuns.

Die boustyl wat bekend is as “Afrikaans” is die uitvloeisel van die kunstenaarsgees in die rigting van ’n verstandige aanpassing by lokale eienaardighede. Dit is nie somaarso die namaaksel van die ou-Nederlandse boustyl nie. Die argitekte wat dit uitgewerk het, vernaamlik in die mooi ou Kaapse huise en plaas-geboue in die Kaap, het in aanmerking geneem die besondere lands-omstandighede, die klimaat, die lig, die wind, die omgewing waarin hulle geboue moet staan. Hulle het gewysig en verander, nie

Onder ons jongere argitekte, wat veral in dié rigting ontwikkel het, neem mnr. Gerard Moerdyk ’n vooraanstaande plek in. Hier gee ons aan ons lesers ’n afbeelding van een van sy gelukkig geslaagde pogings om hierdie gemoderniseerde Suidafrikaanse boustyl aan te pas by ’n stedelike woonhuis. Die gebou hier afgebeeld is die woonhuis wat mnr. Moerdyk gebou het vir wyle mnr. Douw v. d. Merwe. Dit staan in Parkstraat met sy voorkant na die Suide gerig, en is ’n pragtige voorbeeld van ons eienaardige boustyl, wat as een van die mooiste huise in Pretoria kan beskou word.. Die gerieflike binnekant van die huis—waar alles ingerig is om die inwoners met die grootste gemak tegemoet te kom—kan skaars uit die prentjies veronderstel word. Maar die afbeeldings gee tog ’n goeie bewys van die gelukkige manier waarop die kenmerkende eienskappe van die ou Kaapse huise ingelyf is in ’n nuwe, en nie minder mooi, woonhuis, wat met sy stedelike omgewing akkordeer, en waarin die bewegemate uitgedruk word.